The Bishop of False Bay
The Rt Revd Margaret B Vertue
Diocese of False Bay Bisdom Van Valsbaai Idayosisi False Bay

P O Box 2804
Somerset West
7129 RSA

Tel: + 27 021 852 5243
Fax: + 27 021 852 9430
Email: bishopm@falsebaydiocese.org.za

Liewe Predikante en Mense van Valsbaai

FASE TWEE VAN DIE VAKSIENE

Laat my toe om alle rolspelers te bedank vir u samewerking, geduld en begrip gedurende 'n baie moeilike periode in ons geloofslewe.

Ek is Maandag by Brooklyn Chest Hospitaal ingeënt as een van tien Godsdienstige leiers saam met Aartsbishop Emeritus Tutu. Ek het dit gedoen in die hoop dat die belofte van meer vaksienes ons oewers binne die volgende maande sal bereik.

Nou dat die tweede fase begin het en die teiken groep, diegene oor die ouderdom van 60 is, wil ek u graag motiveer om mekaar te help om te registreer. My kommer is dat niemand, as gevolg van die elektroniese registrasie stelsel agtergelaat moet word wat belangstel om ingeënt te word nie, veral mense in plattelandse en armer gemeenskappe.

Die eerste stap is om te registeer by die Departement van gesondheid,(vaccine.enroll.health.gov.za). U sal dan in kennis gestel word dat u suksesvol geregistreer het op die Departement van Gesondheid se elektroniese Vaksiene data sisteem. Dan wag u om gekontak te word aangaande die stappe wat u moet volg, insluitende die ontvangs van 'n bewys nommer en waar u moet gaan vir inenting. 'n Paar dae na die inenting sal u 'n bewys van inenting kode ontvang, sou u u inentings status moet bewys.

Met u aankoms by die inentings sentrum op die gealokkeerde datum, word die gewone keuring gedoen, soos in ons kerke. U het u Identiteitsdokument en bewys nommer nodig. U kan nie net by 'n sentrum opdaag nie. Van daar af sal u na die volgende persoon verwys word wat 'n ander vorm sal invul, met vrae oor kroniese siektes en covid geskiedenis.

Wanneer u by die verpleegster aankom, is dit beter om die teenoorgestelde arm te gebruik as die hand waarmee u skryf. U sal 'n ligte prikkie voel, maar die proses is pynloos en u hoef dus nie bevrees te wees nie. Ek het die Pfizer vaksiene ontvang, wat beteken dat ek weer ongeveer binne 3 weke gekontak sal word om die tweede inspuiting te kry. Ek toon geen newe effekte maar sommige mense ervaar wel griep simptome, moegheid en 'n seer arm vir 'n dag of twee daarna. Daar is 'n voostel dat u 2 panados neem voor en na die vaksiene.

Ek moedig graag ons ouer persone aan om te registreer vir die vaksiene. Ons is die kwesbare groep. Vir my is dit 'n ligstraal van hoop dat ons deelneem om die verspreiding van die coronavirus te minimaliseer en die stres van ons hospitale en gesondheids sisteem te verminder.

Sosiale distansie is nog steeds nodig, dra maskers oor u mond en neus, selfs tuis wanneer Predikante of Leke-bedienaars 'n pastorale besoek kom aflê, en onthou om u hande te ontsmet (sanitize) en alle gesonheids protokolle te volg.

Ek skryf aan u nie as mediese persoon nie, maar ek is seker dat as die inentings program voortgaan dat daarmee saam baie seëninge op ons wag.

Liefde en seenwense.

+Margaret False Bay

Biskop Margaret B. Vertue .